Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# JESUS HORISONTAAL

## Deel 1 – Horisontale Liefde

**Johannes 13:34-35** Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.

**Johannes 15:12-13** Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.

**Johannes 15:17** Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê!

## Geloof en Aksie

**Markus 2:2-5** Baie mense het daar saamgedrom, sodat daar selfs by die deur nie meer plek was nie. Hy was besig om met hulle oor sy boodskap te praat. Daar kom toe mense wat 'n verlamde man na Hom toe bring. Vier van hulle het hom gedra. Toe hulle hom weens die gedrang nie by Jesus kon kry nie, breek hulle die dak reg bokant Hom oop, en nadat hulle 'n opening in die dak gemaak het, laat hulle die draagbaar waarop die verlamde man gelê het, daardeur afsak. Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: "Vriend, jou sondes word vergewe!"

**Markus 2:9** Wat is makliker? Om vir die verlamde man te sê: 'Jou sondes word vergewe', of om te sê: 'Staan op, vat jou draagbaar en loop'?

**Markus 2:11** "Ek sê vir jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe."

**Lukas 5:25-26** Onmiddellik het hy voor hulle oë opgestaan, die draagbaar waarop hy gelê het, gevat en terwyl hy God prys, huis toe gegaan. Almal het verbaas gestaan en God geprys en vol eerbiedige vrees gesê: "Vandag het ons ongelooflike dinge gesien."

## Dinge om te Doen

- ✓ Laat gaan die verlede
- ✓ Sien mense se behoeftes
- ✓ Fokus op gehoorsaamheid, nie die koste
- ✓ Verwag 'n reaksie

***"Jou geloof en aksie, kan lei tot 'n ongelooflike reaksie."***

*Alle verse uit AFR83 behalwe as anders verwys*